

Die Here God en die Lam is die tempel

Openbaring 21:22

14 Februarie 2021

1. Vantevore: Nuwe Jerusalem is die bruid, en dus die gelowiges. Nuwe Jerusalem is vervulling van Ou Testamentiese profesieë wat na verdere ontwikkeling in Nuwe Testament aan die einde van die tyd hoogtepunt bereik. Muur om die stad is God self, die poorte is Jesus en die fundamente is God se openbaring deur die apostels en profete.
2. Op 21:22-22:5 gee beskrywing van die stad self.
3. Vers 22: Die Here God en die Lam is die tempel (vgl Op 21:3 – tuin was eerste vorm van tabernakel/tempel)
4. Ontwikkeling van tempel-tema deur die loop van die Skrif:
 - a. Sinai
 - i. Doel van tabernakel: dat God tussen die volk kan woon (Eks 25:8-9)
 - ii. Presies volgens God se voorskrifte gebou (Eks 39:42-43)
 - iii. Simboliek van tabernakel: regverdigmaking (voorhof), heiligmaking (Heilige), heerlikmaking (Allerheiligste) – God en Christus is die fokus van die tabernakel (vgl Op 21:22)
 - iv. Heerlikheid van God vul die tempel (Eks 40:34-35)
 - b. Salomo tempel
 - i. Heerlikheid van God vul die tempel (1 Kon 8:10-11)
 - c. Esegïel
 - i. Eseg 1 visioen is 'n verskyning van die heerlikheid van God (Eseg 1:28) – beweeglik
 - ii. Eseg 8-9 beskryf die gruwels in Jerusalem (Eseg 8:7-12), en God skaar Hom eerder by ballinge as mense in Jerusalem (Eseg 11:14-16). God se heerlikheid verlaat die tempel (Eseg 11:22-23)
 - iii. Eseg 37:26-28 gee belofte van nuwe verbond – God gaan heiligdom onder hulle oprig
 - iv. Eseg 40-48 beskryf hierdie toekomstige heerlikheid (baie ooreenkomste met Nuwe Jerusalem in Op 21-22). Eseg 43:1-5 beskryf God se heerlikheid vul die tempel
 - d. Esra/Nehemia
 - i. Herstel van stad en tempel – geen beskrywing van God se heerlikheid wat die tempel vul nie (Esra 6:15-18)
 - e. Nuwe Testament
 - i. Joh 1:14 – Jesus woon onder mense, wat Sy heerlikheid sien
 - ii. Joh 2:13 ev – Jesus verwys na Sy liggaam as die tempel
 - iii. Joh 4:21 ev – Aanbidding nie in Jerusalem/Samaria nie, maar in gees en waarheid
 - iv. 1 Kor 3:9 +16 – Gelowiges is die tempel
 - v. 2 Kor 3:18 – Gelowiges groei in weerkaatsing van God se heerlikheid
 - vi. Op 21:22 – God/Lam is die tempel – gelowiges weerkaats God se heerlikheid (Op 21:11)
5. Toepassings
 - a. Is God werklik die fokus van jou aanbidding?
 - b. Wat oorheers jou verwagting van die komende nuwe Jerusalem?